



Verwysing: 20210319-1764
Lêerno.: 12/16/8/R
Navrae: GC de Bruyn

Kaapse Onderrig- en Leierskapinstituutminuut: 0002/2021

Aan: Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Hoofde: Subdirektorate en Afdelings (Hoofkantoor), Hoofde: Kurrikulumondersteuning, Hoofde: Bestuur en Beheer, Kringbestuurders, Vakadviseurs en Prinsipale van openbare skole

Onderwerp: Ontwikkelingskursusse vir onderwysers en Webinare word in 2021 by die Kaapse Onderrig- en Leierskapinstituut aangebied

1. In Kaapse Onderrig- en Leierskapinstituutminuut 0008/2020 van 08 Desember 2020, het die Kaapse Onderrig- en Leierskapinstituut (KOLI) aangekondig dat dit weereens SARO-geëndosseerde ontwikkelingskursusse vir onderwysers, asook konferensies en seminare vir prinsipale, adjunkprinsipale, departementele hoofde en onderwysers sal aanbied, hetsy gedurende skoolkwartale of skoolvakansies.
2. Daar is ook verwys na die onvoorspelbaarheid van die impak van COVID-19 gedurende 2021, en om hierdie rede sal kursusse slegs vir kwartaal 1 beskikbaar wees. Verdere kommunikasie sal aangestuur word oor beskikbare kursusse vir kwartaal 2 en 3.
3. Hierdie minuut dien om alle skole en onderwysers in kennis te stel van al die KOLI-ontwikkelingskursusse vir onderwysers en Webinare wat vir kwartaal 2 en 3 beskikbaar is (Bylae A.1).
4. Alle kursusse en Webinare wat in kwartaal 2 en 3 by die KOLI aangebied word sal teen 29 Maart 2021 op die KOLI se webwerf beskikbaar wees: <http://www.wcedctli.co.za>.
5. Onderwysers wat belangstel om hierdie kursusse by te woon moet via die KOLI se webwerf registreer (die aanmeldings- en registrasieproses word in Bylae B verduidelik).
6. Kursusse kan op verskillende maniere aangebied word, en kan direkte interaksie, 'n kombinasie en aanlyninteraksies insluit. Die gepaste kommunikasiemetodes word in Bylae A.1 aangedui.

7. Wanneer kursusse gedurende skoolkwartale aangebied word en direkte interaksie plaasvind, sal die Wes-Kaap Onderwysdepartement aflosonderwysers in diens neem vir die duur van die kursusse wat deur gevestigde onderwysers by KOLI bygewoon word, met dien verstande dat:
- daar geen botallige onderwyser by die skool is nie;
 - die gevestigde onderwyser nie 'n onderwyser is wat deur die beheerliggaam besoldig word nie; en/of
 - die onderwyser nie reeds 'n ander onderwyser by die skool aflos nie.
8. Dit is die skool se verantwoordelikheid om 'n geskikte aflosonderwysers, vir die onderwyser te vind wat 'n kursus bywoon.
9. Slegs 50 onderwysers sal vir elk van die kursusse, wat tydens die skoolkwartaal aangebied word, geregistreer word.
10. Moet asseblief nie huiwer om met die volgende KOLI-programkoördineerders in verbinding te tree om meer inligting oor kwartaal 2 en 3 se KOLI-intervensies vir 2021 te bekom nie:

Naam	Tel.	Faks	E-pos
Kursusse en seminare vir Skoolbestuur en Leierskapontwikkeling			
Jacqueline Titus	021900 5035	021900 5114	Jacqueline.Titus@westerncape.gov.za
Brandon Jantjies	021900 5029	021900 5114	Brandon.Jantjies@westerncape.gov.za
Kursusse vir Grondslagfase en Webinare vir Taal en Wiskunde			
Magdalena Benn	021900 5016	086 6145151	Magdalena.Benn@westerncape.gov.za
Kursusse vir die Intermediêre Fase en Senior Fase en Webinare vir Taal en Wiskunde			
Natasha Fouché	021900 5018	086 4436276	Natasha.Fouche@westerncape.gov.za
Kursusse vir Inklusiewe Onderwys en Webinare vir Taal- en Wiskundeoplossings			
Liesl Robinson	021900 5020	021900 5013	Liesl.Robinson@westerncape.gov.za
Intervensies vir IKT-integrasie			
Christo Davids	021900 5021	086 7316833	Christo.Davids2@westerncape.gov.za

11. Bring asseblief die inhoud van hierdie minuut onder die aandag van alle onderwysers.

GETEKEN: PAD BEETS

ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBESTUUR

DATUM: 2021-03-23